## **23** Ave Maria rysend as helder môrester







Uit veraf hemelwyke daal God se engel neer.
“Ave, Genaderyke, met u is God, die Heer.
Vir al die nageslagte sal u, as maagd bewaar,
deur God se wonderkragte Gods Seun as Heiland baar.”

U het geantwoord: “Kyk, ek is die diensmaagd van die Heer;
met my gebeur wat Hy beslis, sy wil moet my regeer.”
Wyl engele sy lof besing, die Woord het vlees geword;
en het vir ons verlossing sy dierbaar bloed gestort!

Onbekend — Mainz Gesangboek (1833)